



WATERLOO  
SOLAR

KWARTAAL 4 2021  
**NUUSBRIEF**




## JEUGONTWIKKELINGSPROGRAM

Ses jongmense vanuit die plaaslike gemeenskap is gekies om 'n ontwikkelingskamp by te woon. Die kamp word in vennootskap met die Mayine-ontwikkelingsinstituut aangebied en is op persoonlike ontwikkeling en opleiding van die deelnemers gemik. Die doel van die program is om hulle voor te berei om sessies met leerders te hou.

**Usenziile Gottyana, een van die deelnemers aan die TeenCoaching-sertifikaatkursus, sê:** "Ons het die geleenthed gehad om gesprekke met tieners te voer. Dit was baie nuttig. Ons het meer geleer oor die faktore wat persoonlike ontwikkeling beïnvloed, soos familiedianamika, emosionele intelligensie en die invloed wat die samelewning op menslike ontwikkeling het, sowel as hoe hierdie faktore saam bydra om die individu te vorm."

Deelnemers aan dié jeugontwikkelingsprogram sal in die eerste kwartaal van 2022 na ses skole in Vryburg uitgeplaas word.



Usenziile Gottyana voer 'n gesprek met 'n tienerjare tydens 'n informele sessie.

## Creating Access

**TRAINING WORKSHOPS**  
**BUSINESS COACHING**  
**FUNDING SERVICES**  
**ACCREDITED & NON ACCREDITED**  
**ENTERPRISE DEVELOPMENT**



Gaoretelewe Molebalwa

## SAKE-BROEKAS VIR KLEINSAKEONDERNEMINGS

Sedert Waterloo Solar se sakebroekas in Junie 2021 van stafel gestuur is het die projek al groot sukses behaal. Meer as 200 besoeke en navrae is reeds van plaaslike kleinsakeondernemings, lede van die gemeenskap en ander belanghebbendes ontvang.

Talle mense het navraag gedoen oor verskeie dienste, soos hulp die voltooiing van voldoeningsvereistes, hulp met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) se e-fling-diens, belastingaanslae, die registrasie van nuwe maatskappye, sowel as algemene tik en internetdienste.

"My onderneming het geweldig uit die ondersteuning van Waterloo Solar se sakebroekas gebaat. Die sakebroekas bied opleiding, 'n werkspasie, internettoegang en netwerkgeleenthede. Wat ook wonderlik is, is dat dit oop is vir mense van alle ouderdomme, so enigiemand kan dit gebruik," sê Gaoretelewe Molebalwa, eienaar van GaoCare, 'n velsorg-onderneming, en een van kleinsakeondernemings wat in deur die North West Times-koerant aangewys is as 'n Entrepreneur Van Die Week .



waterloosolar.co.za



info@waterloosolar.co.za



Like ons Facebook blad | RenewEnergyCo


# VROEËKINDERONTWIKKELINGSPRAKTISSYNS VANG GRAAD



Ons stel met trots ons vroeëkinderontwikkeling-vlagskip-program bekend. Die veldtog sal help om die kwaliteit van vroeëkinderontwikkelingsprogramme en diens aan minderbevoordekte kinders in die gemeenskap te verbeter.

Ons het vroeër ondersteuning aan vroeëkinderontwikkelingsentrum in Naledi Municipaliteit gebied deur opleiding aan 18 versorgers en 14 skoolhoofde te verskaf. Die hoofde en versorgers is opgelei om opvoedkundige materiaal as instrumente van onderrig te gebruik, terwyl ons ook speelgoed aan verskeie vroeëkinderontwikkelingsentrum geskenk het.

## STUDIEBEURSPROGRAM VAN STAPEL GESTUUR



Katlego Bosman

Katlego Bosman was die eerste student wat 'n studiebeurs deur ons studiebeursprogram ontvang het. Dit vorm deel van ons verbintenis tot die ondersteuning van jongmense in die gemeenskap.

Katlego, wat tans onderwys (Senior en VOO-Fase) aan die Universiteit van die Vrystaat studeer, het tydens haar eerstejaar met verskeie uitdagings geworstel. Sy het hierdie uitdagings as stapstene gebruik om haar doelwitte te bereik. "Ek het besef dat die oorgang van tradisionele leer na aanlyn-leer moeilik is, veral met my beperkte rekenaarvaardighede. Ek het dit egter as 'n geleenthed gesien om nuwe vaardighede op te doen," vertel sy.

"Danksy die toelaag wat Waterloo Solar aan my verskaf het en die mentorskap wat ek van die Study Trust ontvang het kon ek die uitdagings wat ek aan die begin van die jaar ervaar het aanspreek," sê Katlego.

Sy waarsku voornemende studente oor die versoeking wat partytjies en studentepret inhoud en benadruk dat studente hoofsaaklik universiteit toe gaan om te leer en hard te werk.

## KWARTAALLIKSE UITEENSETTING

- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys
- Hearts & Minds



## KONTAK ONS

### Kantoorure

09h00-17h00 Maandae tot Vrydae

### Gemeenskap Skakelbeampte

Claire Phutieagae

066 255 5815

claire.phutieagae@eimsafrica.com

BLY VEILIG  
#CoronaVirus

[www.nicd.ac.za](http://www.nicd.ac.za)  
[www.health.gov.za](http://www.health.gov.za)

Suid-Afrikaanse Hulpbronportaal:  
[www.sacoronavirus.co.za](http://www.sacoronavirus.co.za)